

## REÛLS: LYDENDE EN BEDRYWENDE VORM

- Besluit eers in watter tyd die sin geskryf is.
- Die werkwoord sal vir jou aandui in watter tyd die sin geskryf is.
- Identifiseer die voorwerp in die sin.
- Begin jou sin met die voorwerp.

TYD	BEDRYWENDE VORM	LYDENDE VORM
Teenwoordige tyd <b>word deur ... ge</b>	Katlego Mphela speel <b>sokker.</b>	<b>Sokker word deur</b> Katlego Mphela <b>gespeel.</b>
Verlede tyd <b>is deur ... ge</b>	Katlego <b>het</b> sokker <b>gespeel.</b>	<b>Sokker is deur</b> Katlego <b>gespeel.</b>

Toekomende tyd <b>sal deur ... ge ... word.</b> kan/kon; gaan; wil/ wou; moet/moes	Katlego <b>sal</b> sokker speel. Katlego <b>gaan</b> sokker speel.	Sokker <b>sal deur</b> Katlego <b>gespeel</b> <b>word.</b> Sokker <b>gaan deur</b> Katlego <b>gespeel</b> <b>word.</b>
---	---	---

- Sinne wat bywoorde van tyd en wyse bevat – bywoorde kom voor ‘deur’
- Sinne wat bywoorde van plek bevat – bywoorde kom na ‘deur en onderwerp’

Teenwoordige tyd	Katlego speel <b>vandag</b> sokker. Katlego speel <b>goed</b> sokker in <b>die tuin.</b>	Sokker <b>word vandag deur</b> Katlego <b>gespeel.</b> Sokker <b>word goed deur</b> Katlego in <b>die tuin gespeel.</b>
Verlede tyd	Katlego <b>het vandag</b> sokker gespeel. Katlego <b>het vandag goed</b> sokker in <b>die tuin</b> gespeel.	Sokker <b>is vandag deur</b> Katlego <b>gespeel.</b> Sokker <b>is vandag goed deur</b> Katlego <b>in die tuin gespeel.</b>
Toekomende tyd	Katlego <b>kan vandag</b> sokker speel. Katlego <b>moet vandag goed</b> sokker in <b>die tuin</b> speel.	Sokker <b>kan vandag deur</b> Katlego <b>gespeel word.</b> Sokker <b>moet vandag goed deur</b> Katlego in <b>die tuin gespeel word.</b>

- **Voornaamwoorde** sal verander.  
**Hy** het vandag sokker gespeel – Sokker is vandag deur **hom** gespeel.
- As die sin ‘n **bevel** is – gebruik ‘**moet**’.  
Skop die sokkerbal! – Die sokkerbal **moet** geskop **word**.
- As daar **geen voorwerp** in die sin is nie – gebruik ‘**daar**’.  
Speel sokker! – **Daar moet** sokker **gespeel word**.
- **Vraagsinne** – gebruik ‘**deur wie**’.  
Teenwoordige tyd: Wie speel sokker? – **Deur wie word** sokker gespeel?  
Verlede tyd: Wie **het** sokker gespeel? – **Deur wie is** sokker gespeel?  
Toekomende tyd: Wie **sal** sokker speel? – **Deur wie sal** sokker gespeel word?